NASIONALE INPERKINGS: WAT BETEKEN VLAK 4 VIR GEMEENTES ?

Die huidige rampsbestuur word bepaal deur die Disaster Managemnt Act 57 van 2002. Die Staatspresident het aangekondig dat daar ’n verslapping vanaf Vlak 5 van die nasionale inperking na vlak 4. Die verandering het op 1 Mei 2020 in werking getree.

Regulasies wat geld tydens vlak 4 van die inperking is op 29 April 2020 in die *Staatskoerant* no 43258 gepubliseer. Met die magdom inligting uit gepubliseerde regulasies, nuusberigte en sosiale media tot almal se beskikking, is gemeentes, kerkrade en leraars verward oor die implikasie van Vlak 4 vir gemeentes.

1. **Kerkkantore bly steeds gesluit**. Vlak 4 gee beslis nog nie aan gemeentes die reg om na normaal (“*business as usual*”) terug te keer nie. Eredienste en kerklike byeenkomste (dit sluit kerklike vergaderings in) is steeds verbode (Klousule 23 van Staatskoerant 43258). Begrafnisse word steeds beperk tot ’n maksimum van 50 persone. Spesiale magtiging is steeds nodig om die grense van distrikte vir begrafnisse oor te steek. Die Staatskoerant gee ook voorbeelde van die verskillende permitte en beëdigde verklarings. Vlak 4 het feitlik geen uitkoms vir gemeentes gebring nie.

2. Vlak 4 (Staatskoerant 43258) gee wel **beperkte ruimte** vir enkele noodsaaklike dienste wat in die kerkkantoor gedoen mag word. Dit is uiters noodsaaklik om te verstaan dat die kerkkantoor **nie soos gebruiklik met vaste kantoorure soos voorheen kan funksioneer nie**.

2.1 Die werkgewer (gewoonlik die voorsitter van die kerkraad) kan wel aan die skriba ’n permit gee om byvoorbeeld die nodige administrasie in die kerkkantoor te gaan doen ten einde te verseker dat die werkgewer (die gemeente) se werknemers hulle **salarisse** kan ontvang. Dit geld veral waar skribas dit nie vanaf die huis kan verrig nie.
Staatskoerant 43258, *Table 1, Alert Level 4, p 26*:

> *PART H – FINANCIAL AND BUSINESS SERVICES: 5. Implementation of payroll systems.*

LET WEL: Die werkgewer (in ’n gemeente se geval, die <u>voorsitter</u> van die kerkraad) moet die permit aan die werknemer uitreik. Die Sinode kan nie ’n permit aan ’n gemeente se skriba gee nie – ook nie die munisipale bestuur of die SAPD se bevelvoerder nie!

Vorm 2 word aan die einde van die dokument bygevoeg

2.2 Gemeentes is ook betrokke met **hulpverleningsprojekte**. Die werkgewer (voorsitter van die kerkraad) kan ’n permit aan werkers gee wat direk met die hulpverleningsprojek betrokke is.
Staatskoerant 43258, *Table 1, Alert Level 4, p 27*:

> PART P – HEALTH, SOCIAL AND PERSONAL SERVICES: 4. *All Social work, counselling, services supporting gender based violence, **care and relief activities permitted**.*

Alhoewel die spesifieke regulasie maatskaplike werkers en beraders insluit, kan die werkgewer uiteraard nie aan enige persoon ’n permit uitreik om maatskaplike werk te doen nie. ’n Maatskaplike werker moet geregistreer wees by die SACSSP en in diens wees van ’n geregistreerde welsynsorganisasie. Hierdie organisasie sal aan die maatskaplike werker die permit gee. Net so vir beraders. Die Kerkraad (voorsitter van die Kerkraad) kan dus net aan haar eie personeel wat wel daarvoor kwalifiseer, so ’n permit uitreik.

2.3 Gemeente leraars speel ook ’n belangrike rol in die geestelike versorging van lidmate. Die volgende word ook in vlak 4 toegelaat:

Staatskoerant 43258, *Table 1, Alert Level 4, p 27*:

> PART P – HEALTH, SOCIAL AND PERSONAL SERVICES: 4. *All Social work,* ***counselling,*** *services supporting gender based violence, care and relief activities permitted.*

Dit is egter ’n geweldige grys area en leraars moet dit versigtig implementeer sou hulle besluit om wel met berading voort te gaan. Een moontlikheid sou die volgende kon wees:

- Die gemeente rig ’n vertrek/kantoor in waar lidmate op ’n gekontroleerde wyse afsprake met die leraar(s) kan maak vir berading
- Die vertrek word ingerig om te voldoen aan al die vereistes van sosiale afstand; voldoende ventilasie; ontsmetting, meting van temperatuur ens
- Lidmate wat die leraar besoek, ontvang ’n bewys dat hy/sy afspraak met leraar gehad het vir berading
- Register word gehou van almal wat leraar besoek
- Leraars kan (net soos dokters) net in uiterste noodgevalle lidmate tuis besoek vir berading indien al die nodige voorsorg maatreëls getref is.
- Hierdie besoek moet ook in ’n register aangeteken word

3. Die rampbestuurseenhede van metropole en distriksmunisipaliteit het elkeen ’n eie siening oor sake. Die afgelope dae se sage oor wie kos mag versprei spreek vanself. Dit is dus nie moontlik om van ’n sinodale kantoor oor alle bedieningsaspekte klinkklare antwoorde te gee nie. Die **plaaslike munisipale rampbestuurseenheid** en **die plaaslike polisiehoof** is die gemeente se vriende. Benader hulle vriendelik, bid vir hulle en vra julle vrae en maak seker dat wat die gemeente doen in lyn met grendelregulasies is.

4. Gemeentes word weer eens versoek om saam te werk met ander kerke en organisasies. Die NG Kerk se primêre organisasie waarmee ons nou moet saamwerk is ons CMR kantore en maatskaplike werkers

5. Voordat die skriba na die kerkkantoor kan gaan (ter wille van salarisadministrasie of die hulpverleningsprogram van die gemeente), moet die werkgewer (kerkraad) toesien dat die werkplek behoorlike ontsmet is. Die werkgewer (die kerkraad) kan daarom ook die skoonmakers inroep om die werkplek gereed te kry. Daar is egter ’n magdom regulasies wat nagekom moet word.

Vir gemeentes met minder as tien werknemers is Klousule 40 eintlik al wat tel. Agt sake moet aandag geniet:

(a) Werknemers moet óf 1,5 meter uitmekaar sit of ’n fisiese versperring tussen hulle hê.
(b) Werknemers wat simptome van Covid-19 toon, mag nie toegelaat word om te werk nie.
(c) Die werkgewer moet die nasionale Covid-19-blitslyn bel in die geval van nood (080 002 9999).
(d) Werknemers moet gesigmaskers aan hê.
(e) Almal moet toegang hê tot seep en water en ontsmettingsmiddels wat vir werkruimtes en hande gebruik kan word.
(f) Werknemers moet hulle hande was of ontsmettingsmiddels gebruik.
(g) Werknemers moet gereeld hul werkruimtes ontsmet.
(h) Werkgewers moet ook enige ander maatreëls neem, soos nodig sou word.

Die regulasie (43257) vereis dat die werkgewer die maskers moet voorsien, en daagliks moet was en stryk. Gelukkig praat die regulasie vyf keer van toepaslike “*appropriate*” maatreëls. ’n Gemeente met een skriba kan vra dat die skriba self sorg vir ’n masker en vereis dat hy/sy dit self was. Die skriba kan uiteraard vergoed word vir die koste van die maskers en handreinigers.

Die regulasie vereis ook dat werkers getoets word voordat hulle die werkplek betree. Die regulasie bied weer die ruimte: “*if appropriate, undertake symptom screening measures*”.

Waar ’n gemeente net een werker in die kantoor het, kan die werker hom/haarself reeds by die huis toets vir koors, hoes, keelseer, rooi- of branderige oë en/of kortasem.

6. **Huwelikke** mag steeds nie voltrek word nie. Binnelandse Sake self voltrek ook nie in hierdie tyd huwelikke nie.

7. Kerkrade moet asseblief self ook die Wet en regulasies bestudeer. Poog ook om die nuutste inligting te bekom uit die *Staatskoerant* wat gereeld gepubliseer word.

Die vyf vlakke

Die regering se webwerf verduidelik die vyf vlakke ook mooi:
https://sacoronavirus.co.za/covid-19-risk-adjusted-strategy/

’n Baie nuttige bron wat die vyf verskillende vlakke mooi grafies verduidelike is:
https://www.lockdownbozza.co.za/home

8. Hulp vanaf die Staat

Gemeentes word ook herinner aan die moontlikheid om vanaf die Werkloosheidsverskering Fonds (WVF) (meer spesifiek TERS) te eis vir personeel waar die gemeente nie in staat is om salarisse te betaal nie.

Die volgende dokumente word benodig om aansoek te doen vir TERS (dit word gemerk dokument 1; 4; 8 en 9 en hierby aangeheg)

1. Dokument 1:
    - Kol A: Die UIF Ref. No is die 9 digit nommer wat ’n “/” bevat (en nie die nommer wat met ’n “u” begin nie)
    - Kol B: 1-APR-2020
    - Kol C: 30-APR-2020
    - Kol D: Maatskappy trading name
    - Kol E: Maatskappye se PAYE nommer, indien julle nie een het nie, los sel net oop.
    - Kol F: Ek stel voor julle maak hierdie die maatskappy kontaknommer
    - Kol G: Maatskappy e-posadres
    - Kol H, I J: ID / paspoort nommer, vol naam, van van elke werknemer
    - Kol K: Maandelikse salaris (sonder kommas bv. 3960.50)
    - Kol L: werknemer begin datum
    - Kol M: laaste dag voor shutdown periode (26-MAR-2020) – let op na formaat van datums
    - Kol N: 3500
    - Kol O: 0
    - Kol P,Q,R,S: Werknemer bank besonderhede
    - Kol T: kies opsie 2 (pay to employer)
2. Dokument 4 – hierdie is die sheet wat die maatskappy se bankbesonderhede aandui. Hierdie moet saam met ’n gestempelde bank brief ingehandig word.
3. Dokument 8 – brief wat onderteken moet deur ’n direkteur indien julle wil hê dat ek die aansoek namens die Mpy. indien.
4. Dokument 9 – brief wat geteken moet word namens ’n direkteur van die maatskappy.

Die volgende payroll inligting kan ook solank saamgestel word, dit is nie nodig vir die aansoek maar dit word benodig wanneer die rekonsiliasie gedoen word:

- Die laaste 3 maande se payroll verslae (CTC en PAYE, UIF en SDL aftrekkings moet wys),
- EMP201 van Des, Jan, Feb. en Maart 2020; en
- EMPSA (SARS statement of account) van 2020 en 2021

GOVERNMENT GAZETTE, 29 APRIL 2020, No. 43258

FORM 2

PERMIT TO PERFORM AN ESSENTIAL SERVICE OR A PERMITTED SERVICE

Regulations 16(2)(b) and 28(4)

- *Please note that the person to whom the permit is issued must at all times have a form of identification to be presented together with this permit. If no identification is presented, the person to whom the permit is issued will have to return to his or her place of residence during Alert Level 4.*

I, being the head of institution, with the below mentioned details,

Surname				
Full names				
Identity number				
Contact details	**Cell Nr**	**Tel Nr (W)**	**Tel Nr (H)**	**E-mail address**
Physical address of Institution				

Hereby certify that the below mentioned official /employee is performing services in my institution

Surname:	
Full names:	
Identity number:	
Home address:	

and has been designated to provide Essential Services at the address as indicated below, as provided for in the ***Regulations issued in terms of the Disaster Management Act No. 57 of 2002***, the particulars whereof are listed in the schedule attached hereto as ***Appendix A***

Address where services will be performed:	

Signed at (PLACE)		**on this (DATE)**	

Signature of Head of Institution	

Government Gazette, No 43258, 29 April 202

Official stamp of Institution

Essential services means the services as defined in section 213 of the Labour Relations Act. 1995 (Act No. 66 of 1995), and designated in terms of section 71(8) of the Labour Relations Act, 1995 (and which designation remains valid as at the date of publication of this regulation), and as listed below:

Table 1 – Alert Level 4

All persons who are able to work from home should do so.
Persons in the following list of industries and activities will be permitted to perform work outside the home, and to travel to and from work, under Alert Level 4, subject to –
(a) strict health protocols, and social distancing rules;
(b) return to work to be phased in to enable measures to make the workplace COVID- ready; and
(c) return to work to be done in a manner that avoids and reduces risks of infection.

PART H FINANCIAL AND BUSINESS SERVICES

H.5 Implementation of payroll systems.

PART P HEALTH, SOCIAL AND PERSONAL SERVICES

P.4 All Social work, counselling, services supporting gender based violence, care and relief activities permitted.

1.	**Name of operation:**	Nederduitse Gereformeerde Gemeente
2.	**Nearest town to the operation:**	
3.	**Operation's operating days:**	
4.	**Operation's daily operating hours:**	
5.	**Applicable operating hours of essential employee:**	
6.	**Province in which operation is situated:**	
7.	**Provinces that may have to be crossed:**	

Verwerk uit die dokumente van die Sinode van Wes-Kaap in oorleg met Ds Bossie Minnaar en gedeeltes van Mnr. Pieter van Rooyen.

Dewyk Ungerer
5 Mei 2020